BEGELEIDING VAN GEESTELIKE LEIERS WAT GOD SE KUDDE VERSORG

MEI 2015 Nr 70

IN DIE SKADU VAN 'N "SHEPHERD'S TREE"

Bote van die dood

Dit is 'n jaar gelede met Pinkster, dat ons prof Nico Koopman se gedagtes en ontsluiting van die "Onse Vader" vir ons dag en tyd gehoor het. Die kern daarvan was die uitdagings rondom menswaardigheid. Dit laat my dink aan een van die mees onwaardigste gebeure in die geskiedenis wat in Ierland afgespeel het.

Van 1845 tot 1852 beleef Ierland die sogenaamde "*Potato Famine*", waartydens daar een miljoen van die Ierse bevolking sterf en nagenoeg een miljoen na verskeie lande emigreer. Die meeste eindig in Kanada en Amerika. Reeds siek en uitgehonger, kom een uit vyf mense op die seilbote om voordat hulle hierdie nuwe bestemmings bereik. Tot vandag toe weerspieël hul verhale, kultuur en musiek die letsels van 'n volk wat nooit sal vergeet nie.

Die afgelope weke is die ontstellende beelde van xenofobie en nuwe bote van die dood uit Somalië en Libië, op die skerms van ons TV's te sien. Die realiteit van nuwe bote van die dood is in ons midde. Mense, verhonger en siek, oppad na onbekende lande waar hulle hoop dat hulle genade sal vind. Weg van plekke waar daar nie meer kos en ruimte is om te leef nie…, word mensehandel deel van hierdie verskriklike tog na êrens. Sommige is gelukkig en word deur groter bote raakgesien en te hulp gesnel. Ná die verskriklike vaart in rye gegroepeer en wagtend of die nuwe land hulle oor hulle gaan ontferm… Hulporganisasies raak betrokke.

Vreemdelinge in 'n vreemde land. Wat my tref, is hoe hierdie vlugtelinge hulle menswaardigheid verloor. Half naak, verhonger en siek. Hoe is dit moontlik dat daar in ons dag en tyd soveel onmenswaardige gebeure plaasvind? Al hierdie voorbeelde kan baie ver voel, maar in die skaduwee van ons kerktorings leef talle mense onwaardig. Mense in ons nabye omgewing, half naak, verhonger en siek. Soos vreemdelinge…

Dit is dalk een van die grootste uitdagings vir ons gemeentes, ons wat ook vreemdelinge in die Koninkryk was. Om vir dié wat vir ons vreemdelinge is, menswaardigheid te gee. Is ons dan nie in 'n Seisoen van Menswaardigheid nie…, al langer as 'n jaar lank?

Tot ons volgende saamsit in Sy koelte...

Gerhard Botha

VBO-VOETPAD

VBO-WINTERWEEK 2015 – "JUBEL EN HOOP"
22 – 24 Junie 2015

Plek: Nuwe Opvoedkundige Auditorium, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein
Begintye: Maandag 14:00; Dinsdag 09:00; Woensdag 09:00
Tema en sprekers: Geestelike verdieping en teologiese visioenering – Jan Lubbe
Die veranderde sosio-ekonomiese werklikheid – Lochner Marais
Die wisselwerking tussen ekonomie en ekologie – Nadia Marais
Die uitdagings van 'n digitale kultuur – Jan Albert van den Berg
Eenheid, Versoening en Geregtigheid – Fanie Snyman
Quo Vadis – Leon Wessels

Verblyf: Indien u gratis by lidmate in Bloemfontein wil tuisgaan wat kamers hiervoor aanbied, skakel asseblief vir Joanie by 051 406 6732 (k).
Registrasie: SMS D16616 en u naam na 31029.
VBO-Punte: 30
Koste: R680.00 p/p, wat die konferensie, etes en materiaal insluit.
Betaling: NG Kerk OVS, ABSA tjek 470 000 406; Takkode: 334-134; **Verwysing:** VBO/naam+van
(NB! Faks bewys van betaling na 086 502 0818)

Like ons op Facebook:
Shepherd Centre UFS
NB: Die nuutste VBO-inligting word ook op Facebook geplaas.

Fakulteit Teologie UV, *Shepherd* Direkteur: Dr GP (Gerhard) Botha, Programbestuurder: Marina Oberholzer Tel: 051- 401 3995 Epos: shepherd@ufs.ac.za